# Bewaak jou hart

> *Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe - Spreuke 4:23*

Spreuke 4 leer kinders om na hul vader en moeder te luister. Ook vader Salomo het vroeg van sy vader Dawid geleer:

“Laat jou hart my woorde vashou; onderhou my gebooie, dan sal jy lewe.” (Spr. 4:4)

“Verwerf wysheid en verwerf insig deur al wat jy besit” (Spr. 4:7) So spreek vader Dawid vroeër met sy seun Salomo wat nou ook vader van sy eie kinders is.

“Hou vas aan die tug, laat dit nie los nie: bewaar dit, want dit is jou lewe.” (Spr. 4:13)

“Kom nie op die pad van die goddelose en betree die weg van die slegte nie.” (Spr. 4:14)

“Vermy dit, gaan nie daarop nie, wyk daarvan af en gaan verby; want hulle kan nie slaap as hulle geen kwaad doen nie; en hulle slaap is weg as hulle nie tot ’n val bring nie. (Spr. 4:15-16) “... is die weg van die goddelose soos duisternis.” (Spr. 4:19a)

“My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne in jou hart.” (Spr. 4:20-21)

“Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.” (Spr. 4:23)

So gee ons Hemelse Verlosser deur Salomo vir ons leiding en voorligting. Kinders word onderrig met die oog op hulle lewenstake.

Bewaar jou hart bo alle dinge wat jy miskien belangriker vind in die lewe: jou eie huis, jou geld, jou motor of jou motorfiets. Op hierdie dinge is ons baie erg, ons pas dit mooi op, en kan nog baie dinge byvoeg wat ons beskerm. Meer as al hierdie dinge moet jy jou eie hart bewaar, die hart is die sentrum van die lewe.

In jou hart bewaar jy die woorde van wysheid. (Spr. 4:21) In jou hart lê al die beslissings wat jy maak. In jou hart besluit jy om goed of kwaad te doen. In jou hart lê ook jou besluit tot geloof of tot ongeloof.

Uit ’n vuil bron kom vuil water. Uit ’n slegte hart kom ’n slegte lewe. Uit ’n dwase hart ’n dwase lewe. Met jou hart besluit jy om iemand dood te maak of aan iemand goed te doen.

Ons Heiland het dit gesê in Markus 7:21-22: “uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.”

As jy iemand se hart (gesteel) het, dan het jy die persoon in totaal. As jou hart nie meer klop nie, dan is jou lewe op aarde verby. Hou dus jou hart bo alles vas.

Meer as al jou belangrikste besittings moet jy jou hart vashou.

Die duiwel het sy oog op jou hart, daarin bewaar jy die vrese van die HERE. Daarom wil die duiwel jou hart hê. Eva het in die paradys gesondig, nie toe sy die vrug geëet het nie, maar toe sy reeds in haar hart besluit het dat sy wel die vrug gaan eet. So gaan dit ook by die pleeg van misdade soos diefstal, moord, owerspel ens. Die beslissing van dit alles lê in jou hart.

Daarom moet jy die wag oor jou hart laat waak. Hoe doen ons dit? Deur Christus jou Verlosser te ken en sy Woord te gehoorsaam. Jy moet weet wat die Here van ons vra en wat die Here haat. Jy moet weet wat wys is en wat dwaas is.

Lees dus gereeld die Spreukeboek. Neem die prediking in jou hart op, gaan na die katkisasie, jeugverenigings en neem deel aan die gesprekke met ’n heldere insig. Gaan op jou knieë voor die Here en bid vir ’n rein hart, want alleen die rein hart sal God sien.

En as ons dan sondig, kan ons na Christus gaan, die hoogste wysheid, Salomo se meerdere. Ons het ’n Voorspraak in die hemele wat ons harte wil reinig van alle sonde.

As jou hart reg is, stry jy teen die leuen en die bedrog. (Spr. 4:24) Jou hart bepaal wat jou oë doen. Ook jou hande, voete, jou mond en jou oogopslag word deur jou hart gestuur. Jou hart is die sentrum van alle organe. Dan kan jy die mense in die oë kyk en hoef jy nie jou oë neer te slaan wanneer jy met iemand praat nie.

Wie sy hart bewaar sal nie met sy lippe (bly) sondig nie. Jy sien in iemand se oë wat in sy hart aangaan. Jy hoor aan iemand se woorde wat met sy hart fout is.

Wie sy hart reg bewaar, ontvang ware lewensgeluk, en ook die ewige lewe as ’n genadegeskenk.

© 2016
www.christelikemedia.org